

Lekkerbekkie Nuusbrief

3 SEPTEMBER 2014 | UITGAWE 71



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Sally die vrolike walvis
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Sally die vrolike walvis deur Anna Emm

Daar was eenmaal 'n walvis wat in die diep see gewoon het. Haar naam was Sally, en sy was heeltemal te vrolik. Sy was só vrolik, dat dit die ander seediertjies gepla het. Soos die keer toe Aria Seeskilpad 'n baie suur stukkie seegras ingesluk het... Sy was nog besig om te stik en te hoes van die grassie, toe swem Sally verby en roep: "Is dit nie 'n wonderlike, ongelooflike, verblydende dag hier onder die see nie, Aria Seeskilpad?" Aria was somer lus en spoeg die stukkie suur seegras teen die walvis se voorkop vas, so vies was sy! En 'n ander keer weer het Ignatius Seekat se een lang seekatpoot in 'n skeurtjie in 'n rots vasgesit. Hy moes hard trek om dit los te kry, en dit was seer. Net toe hy dit loskry, swem Sally daar verby en roep: "Ek hoop dit gaan net so heerlik, indrukwekkend góéd met jou vandag soos dit met mý gaan, Ignatius Seekat! Is dit nie 'n wonderlike dag nie?" Ignatius Seekat was somer lus en gooi die vrolike walvis met die klip – so vies was hy.

So het dit aangegaan. Niemand het geweet waarom Sally die walvis altyd so vrolik was nie, maar wanneer die seediertjies haar sien aankom het, het hulle somer weggeswem. Niemand is lus om met haar te praat nie. Niemand was lus vir soveel vrolikheid nie!

Maar op 'n dag verander alles. In plaas van vrolik wees, lê Sally die walvis diep, diep onder die see tussen die seegrasse en sug. Sy groet niemand nie. Sy sê nie wat 'n wonderlike dag dit is nie. En sy lyk baie, baie moedeloos. Die ander seediertjies is somer bekommerd oor haar.

"Wat is fout, Sally?" vra Aria Seeskilpad. "Is dit nie vandag 'n wonderlike dag nie?"

"Seker nie..." sug Sally moedeloos.

"Gaan dit dan nie goed vandag nie, Sally?" vra Ignatius Seekat.

"Nee wat..." sug Sally hartseer.

Dis is baie duidelik dat Sally die walvis haar vrolikheid verloor het. Waar kan dit wees? Die seediertjies soek oral – agter die rotse en in die skeurtjies en tussen die seegrasse. Maar nêrens kry hulle Sally se vrolikheid nie.

"Julle soek verniet," sê Darius Dolfyn. "Sally se vrolikheid is nie weg nie. Sy is net eensaam en alleen omdat julle almal altyd vir haar wegswem. Julle is altyd vies vir haar en wil nie met haar praat nie."

Nou voel die diertjies baie skaam en jammer dat hulle so lelik met Sally die walvis was. Hulle wou haar nie alleen laat voel nie – hulle het net gedink haar vrolikheid is 'n bietjie... té vrolik – dis al.

"Ons is jammer, Sally," sê hulle. "Van nou af kan jy so vrolik wees as wat jy wil! Ons sal nie meer omgee nie. Ons belowe!" En hulle het nie. Niemand het meer vir Sally weggeswem nie. Stadig maar seker het Sally die vrolike walvis weer al hoe vroliker geword. En raai net wat? Dit was nie lank nie, toe dink ál die ander seediertjies óók dat die lewe onder die water eintlik maar wonderlik is!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Afrikaanse kinderstories vir luister en lees!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Anna Emm se “Afrikaanse Kinderstories”-reeks bestaan uit 12 volumes – elk met 'n volkleur A4-boek met 4 stories, asook 'n luister-CD sodat die kind kan luister na die storie terwyl hy “saamlees”. Daar is 'n klokke wat aan die einde van elke bladsy lui sodat die kind weet hy moet omblaai! Elke volume bevat bekende stories én nuwe stories – alles in Anna se moderne, kindvriendelike skryfstyl, en voorgelees deur bekende akteurs soos Anrich Herbst en Antoinette Louw.

Spesiale aanbod: Bestel Volumes 1-3 hierdie week by 'n AnnaEmm-agent en betaal slegs R350 (geldig tot 8 Sept 2014), of bestel dit direk by ons kantoor teen die gewone prys: (R130 elk) - 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.

Afrikaanse kinderstories vir luister en lees...




Pragtige A4 storieboeke met luister-CD's vir saamlees en -luister. Versamel al 12 volumes!



Stories in volume 1:
1. Tokkie Tandmuis
2. Klipsop
3. Die vyftiende seuntjie
4. Ignatuis mier



Stories in volume 2:
1. Drie rammeties rof
2. Die reënfeetjie
3. Jasper die sprinkaan
4. Agter die spieëlkas



Stories op volume 3:
1. Drie wense
2. Hasie en Skilpad
3. Die muisprinses
4. Freddie die klipwissie

**Spesiale
aanbod:
Volumes
1-3
@ slegs
R350!**

Gewone prys
R130 elk
Spaar R40

Geldig tot
Maandag 8 Sept


Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Sally die vrolike walvis

illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za